# ETIEK — WETENSKAP VAN RELASIES

DAAR word ernstig gespreek oor die Etiek in die kader van sogenaamde menswetenskappe, humaniora, en dan tref ons dit aan in die verband van Teologie, Wysgerige besinning en vakwetenskaplike denke. Vraagtekens verrys net so vinnig as wat hierdie verskillende kaders, onderskeidinge, nuanseringe voorgestel word. Is dit so? Kan ons en mag ons spreek van sodanige onderskeidinge in die Etiek en is ons uitgangspunt hier nie verkeerd, juis omdat ons die Teologie as 'n besondere soort wetenskap, as die koningin van die wetenskappe, sien nie? Teologie is egter 'n wetenskap naas ander wetenskappe, wat eie is aan hierdie lewe. Dit is aan sondige mense toegewys om te luister na Gods Woord, waarin God Hom aan ons geopenbaar het met die spesifieke doel om Hom te ken, te eer en te aanbid. Ons moet ook onsself ken in ons besondere verband waarin God ons tot Hom gestel het. Alles wat God ons gegee het: ons kindskap en sy Vaderskap, Gods verbond met ons en ons dankbaarheid vir die verlossing in Christus, ons Geestesverband met Christus wat uitkom in al sy Geesteswerkinge, nl. geloof, wedergeboorte, bekering, regverdigmaking en heiligmaking — hierdie dinge lê op die weg van die Teologie om tot duidelike begrip te kom.

Nou is die vraag: waar die Etiek te doen het met verhoudinge, optrede teenoor iemand anders, verantwoordelikheid teenoor iemand, of ons ook die relasie kan verbreed tot relasies buite die onderlingmenslike? Kan ook ons relasie tot God eties genoem word? Kan ons sinvol spreek oor ons relasies tot die skeppingsdinge, tot die aarde tot die dierelewe en plantelewe?

Daarom wil ons hier handel oor hierdie wetenskap van relasies.

## I. Die relasie tot God

God rig Hom in sy openbaring op ons. Sy openbaring is tweeledig, 'n natuur- (of algemene) en 'n Skriftuur- (of besondere) openbaring. By albei openbaringsvorme rig God Hom op die mens, wat die openbaring moet verstaan en verwerk. Art. 2 van die Nederlandse Geloofsbelydenis spreek in duidelike taal van hierdie openbaringswyses en beklemtoon telkens die mens se volslae afhanklikheid van God. Die natuuropenbaring is 'n goddelike almagsopenbaring en spreek soos 'n mooi boek, wat geen skryfboek is nie, maar 'n leesboek. Wie daardie groot en klein letters lees, die skrif van Gods natuur, word gedwing tot aanbidding.

Nog veel meer word dit duidelik uit Gods besondere openbaring. In sy Woord openbaar God Hom nie soos Hy is nie, maar „soveel naamlik as wat ons nodig het in hierdie lewe, tot sy eer en die saligheid van wie aan Hom behoort".

Telkens kom die relasie tot God na vore. Ons kan God nie anders as in sy relasie tot ons ken nie. God wil Homself openbaar en dit

---

* Verskyn in *Waarheid en Werklikheid. Wysgerige Perspektiewe op die Werklikheid* (Opgedra aan prof. dr. H. G. Stoker), Boekhandel De Jong, Braamfontein 1971, 222 — 233.

is 'n genadige daad, anders sou ons van God niks geweet het nie. God stel Hom dus self in relasie tot ons, wil dus geken wees. Hier is God naby ons, binne die kenverband van die mens. Wie van God spreek is die ewig-synde, die Aseitas, sê glad nie teveel nie, maar eintlik veels te min.

Die vraag is egter: het dit ons iets verder gebring in ons kennis van God? Dit mag skyn asof ons God nou in die hoogste hoogtes gestel het, maar ons het eintlik maar net 'n terrein betree wat God vir ons verberg het en waaroor ons wel kan spekuleer, maar geen wete van kan hê nie. Tot God as ewigsynde, staan ons as mense in geen verband hoegenaamd nie, nie eens 'n religieuse verband nie. Wie veral hier, hier by die mees kardinale relasie waarvan alles, eenvoudig alles, afhang, begin om te problematiseer, verdonker alle wetenskap en kom nooit weer uit die donkerheid in die lig nie. Versteur hierdie verhouding en dan word niks minder as God van ons weggeneem, weggeruk in ewige, onvatbare begrippe. Dit mag skyn asof God nou op 'n ewige troon geplaas is, verhewe in ewige majesteit. Dit is egter nie die geval nie. Van God soos Hy is, weet ons niks nie. Ons ken God nie so nie, omdat Hy ons kennis te bowe gaan. Al hierdie menslike begrippe is niksseggend in vergelyking met wie God in der waarheid is. God het geweet dat kosmiese wesens in hul kosmiese kennis sodanig gebonde is dat dit nooit tot ware Theos-logos kan kom nie.

Ons moet hier suiwer bely. Ons Godskennis is nie gebrekkig nie, want God het aan ons 'n volkome openbaring gegee. Daardie wêreld egter, waar ons verstand nie kan bykom nie en nie moet bykom nie, daardie meta-wêreld, moet ons nie aanlok asof dit 'n komplementering is van ons kennis nie. Laat ons dit noem die metafisiese of ook meta-teologiese — daardie terrein waar ons graag alles van wil weet en uiteindelik net oor kan spekuleer, moet nie gesien word as 'n tekort by ons kennis as ons dit nie het nie.

Ons neem hier die „Onse Vader"-gebed om te illustreer. God kon op velerlei wyse aangespreek word in sy ewige majesteit of onkenbare absoluutheid. Maar Christus sê: Wanneer julle bid, sê: „Onse Vader, wat in die hemel is". Die kategismus verklaar: „sodat ons van die hemelse majesteit van God nie aards sal dink nie".

God is só naby (Onse Vader) — en tog gedistansieerd. As ons net die tweede, die distansie, sou beklemtoon, bestaan die wesenlike gevaar dat ons God verloor, wegdink, uitskakel, begripsmatig verfilosofeer. Ons wil God dan eer deur Hom nie te verkosmiseer nie, en tegelyk onteer ons Hom deur Hom te oeraniseer.

Die Nederlandse Geloofsbelydenis gee die sleutel tot ware Godskennis en tot die enigste verband van ons tot God in die woorde: „Soveel as wat ons nodig het in hierdie lewe". Hier is God so naby, want Hy het met ons sy verbond opgerig. God spreek met ons, met sy volk, met sy kerk. Hy het aan ons Jesus Christus gegee en Hy het mens geword, ons gestalte aangeneem en is die volkome beeld van die Vader. Deur sy Heilige Gees woon Hy by ons en in ons. So is God Man en sy volk is sy vrou. Hy is Vader

en ons is sy kinders. Christus is Bruidegom en sy kerk is die bruid. Teologie sonder Christus, sonder relasie tot God, is ondenkbaar en veral moet die Etiek in hierdie relasie aan waterbeke geplant wees om vrugbaar te kan wees.

## II. Relasionele eise

In 'n relasie het ons altyd ten minste twee pole. 'n Relasie in die Etiek moet antropologies verankerd wees, in die sin dat die mens, die etiese subjek, die etiese motivering moet wees. Laat ons dit duidelik stel. As die mens tussen sy medemens staan, is die etiese relasie duidelik in die mens gesentreerd, gaan van hom uit. As die mens in 'n relasie kom tot die ander skeppingsdinge, grond, dier ens., dan moet die etiese in die mens en vanuit die mens beoordeel word. Ook as ons moet spreek van die mens in sy verhouding tot God, moet bepaal word dat die etiese alleen gevind word in die mens. God is nie eties normeerbaar nie, omdat God bo elke norm verhewe is, Wetgewer is en nie wetsonderdaan nie. Van Gods kant kan daar dus geen etiese relasie wees nie. Of daar hier van die kant van die mens sprake kan wees van 'n etiese relasie teenoor God moet ons ondersoek.

As beweer word: „ethiek is een bij uitstek menselijke aangelegenheid" en „ethiek verschijnt in al haar gedaanten als een menselijke onderneming", is dit waar, alleen insover dit die een pool van die relasie betref. Die ander pool wat die relasie uitmaak kan nie net die naaste of „jou vyand" wees nie, want dan vereng ons die terrein slegs tot 'n klein deel van hierdie wetenskap. Die vraag is dan: hoe moet ons die normatiwiteit in baie wetenskappe verklaar as ons weet dat norme daar werklik geldend is? As die Estetika 'n normatiewe wetenskap is, as die Ekonomie 'n normatiewe wetenskap is, as die Regswetenskappe nie net bepaal wat die reg is nie, maar hoe dit behoort te wees, is dit dan 'n eiendomlikheid van daardie wetenskappe, of moet (en kan) ons spreek van die etiese wat geldend word in daardie wetenskappe? Benewens hierdie vraag is die stelling seker duidelik dat die etiese relasie hier tog seker nie anders kan wees as kunstenaar teenoor kunsvoorwerp, as ekonoom teenoor die bedryf, as regter teenoor die gekodifiseerde wet nie. Al dadelik is dit duidelik dat dit nie 'n inter-menslike relasie is nie, maar van 'n mens teenoor „iets anders". Dit is 'n relasie waarin die mens die motivering is vir die etiese, maar die „iets anders" as die noodsaaklike ander pool van die relasie, kan 'n wye variëteit wees.

## III Ons relasie tot God

Hier begin ons, omdat hierdie relasie absoluut enig is, met niks vergelykbaar nie, vir die Etiek 'n onderskeidende beginpunt. Hierdie relasie is uniek vanweë sy tweevoudige aard en ooreenkomstige tweevoudige betekenis.

Die verhouding tot God is *vertikaal* en *horisontaal* en gee aan ons twee tipiese eienskappe van die eenheid en verskeidenheid

in die Gereformeerde Etiek. Dit is so bepalend dat ons kan spreek van konfessionele gebondenheid en intrinsieke bepaaldheid in ons standpunt teenoor ander etiese sisteme.

Die vertikale relasie betrek die mens direk op God, en uit God, deur en tot God is alle dinge. Hierdie verhouding moet getipeer word as religieus. Calvyn, wat werklik nie 'n teoretikus was nie, maar 'n man van die Christelike lewe, het die lewe juis in hierdie religieuse dimensie gesien en dit die raamwerk van sy gedagtes gemaak. Die vertikale binding, waarin die eerste aktiwiteit van God uitgaan, nl. in die verbondsbetrekking waarin Hy Homself tot ons en ons dan ook tot Hom stel, benadruk juis dat ons hier in die eerste plek 'n religieuse relasie het. Gods Wet is 'n verbondswet en Gods Woord is 'n Verbondsboek. Wanneer ons so die vertikale of religieuse benadruk, gaan ons nie by die Etiek verby nie, asof dit met die etiese verband niks te doen het nie. Inteendeel, by die religieuse het ons 'n sine qua non vir elke wetenskap, ook vir die Etiek. In die vertikale vlak het ons die binding van die Christelike lewe en van elke ware wetenskaplike. Sy wetenskap word benader vanuit 'n sekere hoek en wat A. Kuyper sr. in sy vlugskrif „Tweërlei wetenschap" benadruk het, is slegs 'n verduideliking van wat hier bedoel word. Calvyn het geen Etiek gegee nie, maar die apriories vir die Etiek en elke ander wetenskap skerp gestel. Die apriori is geleë in die beginsels en beginsels is kragtens hulle universele aanvaarbaarheid en ewigheidsbinding juis daardie egte religieuse aprioriese fondamente wat hegte konstruksie verseker en waterpasmure bewerkstellig. Die etiese gebou staan op 'n eenvoudige fondament en is ook eenvoudig van konstruksie. Alle tydelikheid word in 'n nuwe perspektief geplaas deur nie net die tydelike lewe te vat nie, maar eers die vertikale, daarna die horisontale; eers die religieuse, daarna die etiese; eers die beginsels en daarna die lewe uit die beginsels. Ons het die ander relasie, die horisontale. Nou staan die vertikale en horisontale nie los van mekaar nie, maar die horisontale vloei juis voort uit die vertikale. As Calvyn sê dat ons „van God" is, dat ons relasioneel, en dit in die eerste plek, aan God verbind is, en eers in die tweede plek en juis omdat ons vertikaal gebind is, moet ons ook nou horisontaal leef tot eer van God. Die Christelike lewe het 'n verhewe doel, naamlik 'n Godverheerlikende einde en dit is tog duidelik religieus gesien. En daarom is sulke geestelike ervaringe soos selfverloëning, kruisdra, berou, bekering ens., religieuse kwaliteite.

Ons weet dat Brillenburg-Wurth hierdie religieuse kwaliteite tot etiese beginsels maak en dit is waarskynlik die rede dat hy die terrein van die etiese sien as die Christelike lewe. Hierin volg hy op die voetspoor van Calvyn, maar met dié groot verskil dat Calvyn dit nie 'n etiese kring gemaak het nie, maar veel meer onder die noemer selfverloëning gebring het en sy verbreding hiervan het duidelik nie 'n etiese strekking nie. Wat ons wel by Brillenburg-Wurth kan waardeer, is sy baanbrekerswerk om in die Etiek beginsels en norme te onderskei. Dit het weer ons gedagtes geprikkel en ander vrae laat vra.

As ons ons nou stel op die horisontale vlak wat sonder die vertikale ons totaal losbreek van God af, van elke beginsel wat uit God tot ons kom, kom ons in die dimensie van die kosmiese gebeure. Hier het ons nou die geskiedenis, nie net van die sondeval en sondeverloop nie, maar ook die geskiedenis van Gods genadeopenbaring, van die aanneming tot kinders in Jesus Christus, van die werkinge van die Heilige Gees wat aan ons sowel 'n diepe smart gee in berou en opgewonde vreugde in die opstanding van die nuwe mens. Die Christelike lewe, gebonde in die vertikale vlak, moet sy beginsels beliggaam sien in die norme op horisontale vlak. Ons het gesê dat ons nie sonder die vertikale blikrigting kan wees nie. Ons kan egter nie net die vertikale alleen behou nie. Dan sou ons slegs in die religieuse genoeg hê en nie kom tot die mens se verantwoordelikheid teenoor God wat moet uitkom in aanbidding, verering en dankbare verbondsonderhouding nie. Die mens het ook 'n opdrag van God om te heers oor die aarde, oor die natuur, oor homself en oor ander. Hoewel ons hier telkens ander oriëntasies het, sal elkeen tog die kosmiese of horisontale taak duidelik onderken as 'n religieuse, juis omdat ons nooit van die religieuse ons kan loswikkel nie. Wie dit doen, moet in verskriklike anomalieë geraak. Wat is die Eksistensialisme anders as 'n losgewikkelde sisteem uit die vertikale en wat slegs op die horisontale vlak voortploeter? Wat word dit dan anders as 'n beskrywing van die lot van die mens in sy aardse verloop? Wat bring Sartre anders as net frustrasie-vraagtekens? En die grondfout: dat die horisontale van die vertikale losgeslaan is. Dan ontgoddelik ons die geskiedenis en ontmenslik die mens.

Niks is dus irreligieus of areligieus nie. Die persoonlike verhouding tot God is werklik 'n grondslag vir die etiese. En nou kom die vraag: moet ons God en ons verhouding tot God slegs in die vertikale vlak sien?

Die antwoord moet ons vind in die wyse waarop God Hom in relasie tot ons gestel het. In die Skrif vind ons dat God antropomorfisties by ons staan, ons regterhand vat, ons lei, ons soos lammers in sy arms dra, in ons benoudhede benoud is, in Christus sy volle beeld aan ons gegee het en Christus het mens geword, onser een. Ons weet dat God juis só geken wil wees, op dieselfde vlak as ons. God word op so 'n wyse verpersoonlik. Verbondsmatig is Hy nou die Man van sy volk wat Hy noem sy vrou. Hy is die Vader en sy gelowiges is sy kinders. Ons voel nou dat hier op die horisontale vlak God nie die Onbekende wil wees nie, maar die allerbekendste in sy voortdurende nabyheid wat Hy juis binne 'n etiese relasie die duidelikste kan (en wil) openbaar. Hy is nie net die ewig hemelse nie, maar ook die ewig-aardse.

Mag ons dit verder beklemtoon: Gods Woord is Gods openbaring aan iemand, en die adres is nie maar slegs die mens nie, maar die sondige mens, die bedorwe mens. God gee sy wet nie aan 'n sondelose, maar aan 'n sondige mensheid. Dit beteken dat die Teologie nie bo die beperkinge van die sondige lewe moet gaan en God probeer ken soos Hy in sy ewige majesteit is nie. Daar is so baie beperkinge: van eie kenvermoëns, van mededelingsmoontlik-

hede. God weet dat ons Hom nie anders kan ken as wanneer Hy kenbaar en dus antropomorf Hom openbaar nie. Ons leef in die wêreld van die gebrokene en gebondene. En nou is die begrip antropomorf nie 'n ontwykingsbegrip, om skugter ons te verantwoord wanneer die Skrif oor Gods hande en voete en oë spreek nie. Herman Bavinck het al gesê dat die Skrif vanaf die eerste tot die laaste bladsy antropomorf is, en dit ook moet wees.

Dis 'n heerlike waarheid en hoed ons vir baie strikke. Ons verhouding tot God is nie net religieus nie, maar verantwoordelik eties. Dit spreek ons aan en veroordeel ons. Dit laat ons verstaan dat Etiek nooit 'n idealistiese Etiek kan wees nie, want dit sou die omgekeerde wees van 'n Christelike Etiek. Brillenburg-Wurth sê mooi: „In onze christelijke ethiek gaat het altijd om de wet van dié God die in Christus ons zwakke, zondige, gebrekkige, in allerlei problematiek verstrikte mensen helpen wil om in de geschonden werklijkheid van deze wereld, waar alles het teken van de zonde draagt en waar wij toch als kinderen Gods leven moeten, met ons leven gereed te komen en de wil van God in al onze levensverhoudingen te volbrengen".

Die vertikaal-horisontale band laat ons verhouding tot God religieus-eties, met die nadruk op die eerste, gesien word. Eers die beginsel en dan die norm en die norm moet uit die beginsel gesien en verstaan word.

## IV Norme binne die relasie

Die Gereformeerde Etiek is nie 'n deskriptiewe etiek nie, beskryf nie alleen hoe gehandel is nie, maar hoe gehandel behoort te word. Dit bring ons al dadelik op die terrein van die norme.

Op hierdie gebied, waarvan ons heel kort enkele grondtrekke wil beskryf, net om die beginsel-norm-verband, en ook die religieus-etiese verband te laat sien, moet ons eers die allernouste band met die beginsel beklemtoon. Ons gaan uit van die gedagte dat Gods Woord nie aan ons klare beginsels gee nie, maar dat dit die beginsels bevat, gegiet in openbarings-historiese mededeling. Laat ons dit noem die Beginselboek waaruit ons moet bly put: Dit laat al dadelik verstaan dat die Skrif as Beginselboek staan teenoor alle ander religieuse boeke. Daar kan geen verband wees nie. Die Christendom kom met sy beginselboek in hierdie geskiedenis en vra nie anderdenkendes om te konformeer nie, hul sedes te wysig of hulle te beskaaf nie. Teenoor die heidendom met sy eie beginselboek, hetsy dit die natuur, hetsy dit die Koran is, kom die pertinente eis: bekeer julle! Dis duidelike taal: los jou beginselboek en neem myne — en anders is daar geen punt waar ons weë kruis nie.

Nou is ook die Skrif nie net 'n religieuse Boek nie, maar kom binne ons etiese lewe op horisontale vlak. Bavinck het gespreek van primêre en sekondêre norme. In dieselfde trant spreek hy ook van grondnorme en afgeleide norme. Hier het ons die oplossing. Primêre of grondnorme vind ons in die Skrif en hulle is so deur die beginsel bepaald dat hulle beginseldeurdrenk is en die beginsel duidelik weergee. Dit vind ons bv. in die tweede deel van die De-

kaloog. „Jy mag nie steel nie" is beginsel en ook norm. Dit bepaal sowel die relasie tot God en ook tot jou medemens, want dit is tog duidelik dat ons slegs voor God sondaars is, sonde kan doen. Teenoor ons medemens kan ons misdadigers wees, oortreders van norme, maar nie van beginsels nie, hoewel ons bewus is dat die beginsels in die norme beliggaam is.

Afgeleide of sekondêre norme word deur onsself geformuleer op grond van ons beginsels, en met inagneming van so baie ander relasies tot ons tradisies, ons omstandighede, ons tydsgewrig. Hulle staan verder van die beginsels af in die sin dat hulle nie die volle beginsel beliggaam nie, en tog staan hulle nie los of buite die beginsel nie. Die beginsel wat universeel is word geldend in partikuliere behorenseise. By die primêre norm „Jy mag nie steel nie", sou sekondêre norme bv. wees, wat die Heidelbergse Kategismus in sy verklaring noem: „listige planne waarmee ons dink om die goed van ons naaste onsself toe te eien... valse gewig, el, maat, ware, munt, woeker... misbruik en verkwisting van gawes".

Op die horisontale vlak vind ons duidelik dat die sekondêre norme nogal by verskillende volke verskillend kan wees, terwyl die beginsels en ook primêre norme algemeen-geldend is. Ons vind dat in oorlogsdae die afgeleide norme eintlik opgehef word vanweë die krisistoestande, terwyl die beginsels en grondnorme nog altyd blywende faktore is wat die erkende gebruike van die volkereg selfs in oorlogstoestande tussen nasies handhaaf.

## V. Die relasies van die mens tot ander skeppingsdinge

Ons het die grondrelasies, naamlik van die mens tot God en die etiese implikasies gestel. Die vraag is nou of die mens in 'n etiese relasie staan teenoor Gods skepping in sy verskeidenheid. Ons groepeer hierdie verskeidenheid in 'n paar noemers, naamlik die grond, die plante, die diereryk.

Al dadelik stem ons toe dat God die mens as kroon van sy skepping 'n opdrag gegee het om dit te bewerk en te bewaak. Ook moes die mens die diere van die veld benoem en net soos die mens al die lewende wesens genoem het, so moes hulle naam wees.

Daar is dus duidelike relasies en hierdie relasies word in die Skrif vermenigvuldig om die mens se verantwoordelikheid te beklemtoon. Die swaarste verantwoordelikheid is juis dat die skepping nie in sonde kragtens eie wil, val nie, maar toe die mens val, het die ganse skepping saam geval. Die relasie tussen die mens en die skepping moet dus besonder nou wees, sodat ons byna van verwantskap kan spreek. Bavinck noem die mens 'n mikrokosmos, in wie se liggaam die hele kosmos: stof, plant en dier, verteenwoordig is. Dit is ook Skriftuurlik juis dat as die mens in Christus herstel word, word die hele skepping saam herstel in nuutheid. In Rom. 8 : 19 e.v. lees ons die duidelike taal: „Want die skepping wag met reikhalsende verlange op die openbaarmaking van die kinders van God. Want die skepping is aan die nietigheid onderworpe — nie gewillig nie, maar ter wille van hom wat dit onderwerp het — in die hoop dat ook die skepping self vrygemaak sal word van die

slawerny van die verganklikheid tot die vryheid van die heerlikheid van die kinders van God".

Die mens is dus vertikaal aan God verantwoording verskuldig vanweë sy horisontale relasie tot die skeppingsdinge. Hy is in geen opsig outonoom of selfstandig nie. Dit is en bly Gods skepping wat ook Gods lof moet verkondig. Immers, Art. 2 van ons Geloofsbelydenis noem dit mos 'n boek van Godskennis, 'n mooi boek waarin alle skepsele, groot en klein, die letters is wat ons die onsigbare dinge van God duidelik laat sien, naamlik sy ewige krag en Goddelikheid.

Die vraag is dan of 'n sedelike relasie nie net tussen persone kan wees nie? Kan daar nou sprake wees van 'n sedelike relasie van die mens as persoon tot skeppingsdinge wat onpersoonlik is?

Gods Woord gee ook hier antwoord. Benewens dit wat hierbo gesê is oor die val en herstel van die skepping, kom die Skrif en personifieer die skepping om sodoende die relasie in volle verantwoordelikheid te stel.

Wat die aarde, die grond, of stoflike dinge betref, lees ons hoe die Skrif die taal en aksies van die mens in die aarde verplaas, sodat die aarde eintlik 'n bekende persoon in die relasie word. Rom. 8 : 22 sê: „Want ons weet dat die hele skepping tesame sug en tesame in barensnood is tot nou toe". In die Ou Testament lees ons dikwels van die aarde wat treur (Jes. 24 : 3). Ook word die volksondes as 'n swaar gewig voorgestel waaronder die aarde waggel soos 'n dronkaard (Jes. 24 : 20). Sterk gepersonifieer hoor ons snikke wat afkomstig is van Ragel se graf in Jer. 31 : 15, ook aangehaal in Matt. 2 : 18 na die kindermoord van Herodes: „'n Stem word gehoor in Rama, geklaag, bitter geween; Ragel ween oor haar kinders; sy weier om getroos te word oor haar kinders, omdat hulle daar nie is nie".

Teenoor diere hoor ons selfs nog duideliker taal, waar God hierdie lewende deel van sy skepping insluit in sy barmhartige versorgende voorsienigheid. Ons verwys na enkele Skrifgedeeltes. In Jona 4 : 11 noem God die vee in besonder, wanneer Hy Jona bestraf vanweë sy gramskap om Gods oordeel af te eis oor Ninevé en al sy inwoners. Saam met die „meer as honderd-en-twintigduisend mense wat die onderskeid tussen hulle regter- en hulle linkerhand nie weet nie", word ook genoem „en baie vee". Hierdie stomme ryk wat nie kan spreek nie, mag ook nie op die Sabbat onversorgd bly nie, en die os wat graan dors mag jy nie muilband nie (1 Kor. 9 : 9).

Ons sou kon voortgaan en wys op persoonstemme wat gehoor word uit die koringland ten tye van droogte. Die koring roep vir die aarde om te hoor. Duideliker as die almal spreek Jesus van sy eie dood as die van die koringkorrel wat sterf om nuwe lewe voort te bring.

Nou sien ons die relasies duidelik: relasies na bo en benede. Die mens is Gods beelddraer en eties verantwoordelik. Hy moet rekenskap gee van sy rentmeesterskap, elke dag en ook aan die einde van die eeue. Hy is religieus en ook eties aan God verbonde. Aan sy naaste en medemens is hy met vele bande verbonde, eties,

ekonomies, juridies, histories. Vir die verantwoordelike nalewing van al die bande is hy aan God verantwoording verskuldig, want God het alle mense na sy Beeld gemaak.

Aan Gods skepping is die mens met minder bande gebind, maar tog sodanig dat aan hom die ontplooiing, die soortelike ontwikkeling, die Godverheerlikende lied soos uit 'n skeppingskoor deur die mens as dirigent gevoer word, tot lof van die Skepper. As die laaste tonele uit die geskiedenis van hierdie aarde voor ons opgeroep word, spreek, sing en juig die hele skepping saam. Dit lees ons in Openb. 4 en 5 en haal slegs aan uit Openb. 5 : 13: „En elke skepsel wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde en wat op die see is, en alles wat in hulle is, het ek hoor sê: aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam kom toe die lof en die eer en die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid".

Maar as die skepping sug en treur en roep en snik, huiwer daar duidelik iets deur ons siel wat in boete ons neer laat val en in skuldbelydenis tot verootmoediging bring. Ons besef dat dit nie ons aarde is en ons besit in vee nie, maar hierdie dinge verhoog ons verantwoordelikheid voor God. Of het ons gedink dat ons maar Gods aarde kan verouder deur ons selfsugtige roofbou, sy aangesig kan laat verrimpel deur erosieslote en dan nie skuldig staan voor God en voor die nageslag nie? Duidelik staan ons op Gods aarde met alles wat ons omring en wat God aan ons toebedeel het voor Gods aangesig. Alles daag ons voor God — elke verwaarloosde roeping en ook elkeen wat ons deur Gods krag vervul het. Ons hoor van God: „Goeie en getroue dienskneg" of ook: „Jou slegte dienskneg, jy het geweet . . ."

Daar is tweërlei relasie in die Etiek: die vertikale wat ons religieus en eties voor God stel; die horisontale wat ons eties voor alles in die kosmos stel en dan weer religieus en eties voor die Here. Elkeen van hierdie twee vlakke laat ons die Etiek sien as wetenskap van relasies.